KOERSVAS

Jaargang 11 Uitgawe 220
17 November 2023

Koersvas is die mondstuk van die GHG. Standpunte in die *Redaksioneel* is nie noodwendig die standpunt van die GHG nie. Redakteur: Dr J Otto

**In hierdie uitgawe:**
**Redaksioneel**
**Berigte - Bondsake** **Nuwe gemeente versoek**
**Lewensbrood**
**Kennisgewings**

## REDAKSIONEEL

**Israel en Hamas**

Dit gebeur al hoe meer dat gebeure in die wêreld tot gepolariseerde reaksies lei. Daar is skynbaar nie ruimte vir debat en respekvolle verskil van mening nie. Die mense se benadering blyk een van absolute sekerheid te wees en daarmee saam gaan dan die aandrang dat die teenparty boos is. So kan daar as voorbeeld nie 'n redelike gesprek oor aborsie wees nie, want die gesprek geskied met die gebruik van absolute terme. Dieselfde geld enige gesprek oor die huwelik, politiek en nou oorlog.

Die nuutste polariserende gebeurtenis is die 7 Oktober aanval van Hamas en die daaropvolgende militêre reaksie van Israel. Die scenario is nog besig om uit te speel, maar die mense het reeds kant gekies en sal uiters neerhalend praat van en met mense wat van hulle verskil. Die absolute ondersteuning van Hamas deur die ANC en gevolglik die regering dien as sprekende voorbeeld.

Hier is verskillende temas wat in ag geneem moet word in enige poging om die vele dimensies van die gesprek enigsins in ag te neem. Al is dit waar dat ons sukkel om ons emosies uit gesprekke te sluit, moet ons tog leer om meer versigtig te wees met ons oordele. Die bestaan van Israel en die Joodse volk se status is 'n belangrike saak om te oordink. Dieselfde geld Palestina, die Palestyne en hulle interaksie met die Jode. Die optrede van Hamas en die reaksie van Israel is ook van belang. In 'n poging om iets van die kompleksiteit van die saak aan te dui, kom ons kyk na elkeen se optrede binne die huidige konteks en laat dit dan in gesprek tree met die geskiedenis.

Israel as 'n politieke entiteit bestaan minder as 'n honderd jaar. Dit was eers na die tweede wêreldoorlog dat daar grondgebied aan die Sioniste gegee is. Die bestaan van die grondgebied tussen die see en die rivier kan nie ontken word nie. Die gebied het aanvanklik die naam "Palestina" gehad en die Palestyne het bestaan uit Arabiere (Moslems), Christene en Jode. Vir ten minste vyf honderd jaar was die gebied onder beheer van die Ottoman ryk wat baie verdraagsaam was in hulle beleid ten opsigte van godsdiens. Die gebied was met ander woorde nie onafhanklik nie, was nie deur eie mense beheer nie.

Die redelik nuwe (begin 1900s) Sioniste se strewe na 'n eie Joodse staat was ondersteun deur Europese moondhede en veral die Britse *'empire'*. In die geskiedenis sien ons dat die Europese moondhede en veral die Britse *'empire'*

geen probleem gehad het om verskillende gebiede in Afrika te onderverdeel en grense te trek wat geen stam-, kultuur- of taal identiteit in ag neem nie. Politici het in Europa om 'n kaart gestaan en die rykdom van Afrika onderverdeel op so 'n wyse dat net eie belang gedien word.

Na die onderverdeling het die Europese moondhede, en veral die Britse *'empire'* eie belange beskerm en uitgebrei. Waar daar skatte is, daar wou die 'empire' regeer. Die onafhanklike boere Republieke het bestaan totdat diamante en goud ontdek is. Dit moet vir die Afrikaner nie vreemd wees dat daar in die Palestynse gebied, wat Israel insluit, konflik is nie. Die 'empire' het eers op selfsugtige, gierige wyse aan die *'empire'* self gedink.

Donald Trump is reg, daar was al vir eeue oorlog in die Midde-Ooste. Die konflik tussen die Israeli's en die verskillende Palestynse groeperinge is net 'n nuwe toevoeging.

Die gesprek oor die beloofde land en die Joodse volk is 'n volgende, meer teologiese gesprek wat nie nou hier gevoer sal word nie.

Die optrede van Hamas op 7 Oktober 2023 was afgryslik. Met rubber bote, sweeftuie en voertuie is Israel ingeval vanuit Gasa. Die teikens was militêr en veral burgerlik van aard. Vrouens is verkrag en vermoor, kinders is wreedaardig vermoor. Vele gyselaars is ontvoer en word steeds gevange gehou in tonnels onder die Gasa streek. Daar kan onomwonde gestel word dat dit wreed en moreel onregverdigbaar is. Of kan dit? Vir diegene wat Hamas en ander Palestynse organisasies ondersteun, was dit 'n dag om oor te jubel. Hamas is mos 'n sogenaamde bevrydingsorganisasie en alle optrede teen die 'onderdrukker' is sogenaamde geregverdigde selfverweer.

Ons as Boerevolk ken ook daardie pyn wat die Israeli's moet ervaar. Die slagting by Bloukrans, Moordspruit en ander in Februarie 1838 is goed gedokumenteer. Kinders is teen ossewa wiele vergruis 185 kinders 185 jaar gelede) en almal is herhaaldelik gesteek met assegaaie. Die onmenslike, barbaarse optrede teenoor die Afrikaner is in die Engelse oorlog deur die *'empire'* verder gevoer. Tienduisende van ons vroue en kinders is ontvoer van hulle huise en plase en het in konsentrasiekampe omgekom. Die datums en die plekke verskil, die bloeddorstige optrede verskil nie veel nie. Plaasmoorde vandag verskil meer van die vorige era in terme van datum as in slagoffer en oortreder.

Die ANC het as terroriste organisasie tallose mense vermoor, vermink en op ander maniere getraumatiseer. Wie met verstand kan die "*necklace*" moorde vergeet (met Winnie Mandela - na wie 'n straat nou vernoem is - aan die voorpunt)? Hulle bom-veldtog van terreur is deur die *'empire'* en die res van die Weste ondersteun. Hulle is herdoop van terroriste beweging tot bevrydings-organisasie. Net 'n klein verskilletjie tussen wat jy doen (terreur) en wat jy beoog (bevryding). In Kanada mag jy nie na Hamas verwys as 'n terroriste organisasie nie. Tog ken ons die monster en sy streke in ons eie land. Die ANC en trawante se dreunsang was "*Kill the Boer*", Hamas en die mense wat pro-Palestina is, praat van "*from the river to*

*the sea*" wat verwys na die vernietiging van Jode van die Jordaan rivier tot by die Mediterreense see. Geen wonder die ANC het Hamas luidkeels ondersteun nie. Ironies genoeg is daar nou 'n gepolariseerde debat oor die optrede van Hamas en in vele lande is owerhede geskok oor die steun vir die bewegings teen Israel. Nogal vreemd hoe vinnig perspektiewe verander.

Die reaksie van die Israel regering en die weermag - IDF (***I****sraeli* ***D****efence* ***F****orce*) was voorspelbaar maar nie onmiddellik nie. Met gemete omsigtigheid is die IDF nou besig met 'n militêre aanslag wat ten doel het om die Hamas totaal te vernietig of ten minste al sy leiers te elimineer. Oral word betogings gehou teen hierdie optrede van die IDF. Daar word gepraat van proporsionaliteit. Wat vir 'n woord is dit? Jy kan nie net niks doen nie, maar wat is proporsioneel geregverdig wanneer kinders brutaal vermoor is?

Oorlog het reëls, maar daar sal altyd siviele slagoffers wees. Die Nazi's en die Geallieerdes het tonne bomme op mekaar se stede laat val. Hamas misbruik ordentlikheid deur hulle hoofkwartiere onder of langs skole en hospitale te bou. Hulle wil die nuwe "*woke*" kultuur uitbuit of tot hulle voordeel gebeur. Een van die mantras van die '*woke'* kultuur is inderdaad "altyd aan die kant van die slagoffer". Speel slagoffer en die verstandelose skare sal jou slagspreuke met ander se bloed skryf. Net die toekoms sal ons kan leer hoe die scenario in die Midde Ooste gaan uitspeel. Daar is nog baie perspektiewe wat genoem kan word, hierdie saak is soos die meeste menslike situasies, uiters kompleks. As Afrikaners kan ons egter met redelike gemak identifiseer met die Israeli's en hulle stryd om oorlewing en vrye voortbestaan

## BERIGTE

## BONDSAKE

**Nuwe gemeente.**

Nuwe beginne beteken altyd sekere dinge moet aangeskaf word. So is dit dan ook dat een van die belangrike besittings van 'n nuwe gemeente alles sal wees wat met die Nagmaal te doen het. Kerkraad van die Hervormde Kerk Tuinroete versoek vriendelik dat gemeentes en enkelinge dit sal oorweeg om ongebruikte **Nagmaal servies en bekers aan hulle te skenk**. Dit is dalk oud in u kas, maar vir hulle sal dit splinternuut wees.

Die gemeente nooi u ook uit om hulle eredienste in Mosselbaai by te woon hierdie Desember vakansie.

### Lewensbrood 2024/25

**Lewensbrood 2024 sal teen November 2023 beskikbaar wees**.

## KENNISGEWINGS

### DRUKWERK

Paul en Ella help graag met:

Kalenders

Kwitansieboeke

Offergaweboeke

Dames Kwitansieboeke

Konsistorieboeke

Reklame plakkate en ander drukwerk

ella@teamworkprinters.com

### FINANSIERING

Skakel gerus met Oranjekas (ons mense) vir 'n goeie tarief ten opsigte van lenings, voertuig finansiering en veilige beleggings.

**Oranjekas Spaar en Krediet Koöperatief Beperk**

Reg. 2009/003378/24

Belê 'n enkelbedrag (tot 10,25% rente per jaar) of open 'n spaarrekening en verdien rente vanaf die eerste sent. (Belastingvrye perke soos deur SARS bepaal, is van toepassing). Bykomende 0,25% vir kerke, gemeentes en volks-instansies.

Kom word deel van die grootste geregistreerde CFI (Co-operative Financial Institution) in SA. Oranjekas is in proses van verdere finansiële lisensies en produkte. Kom help bou en word deel van u eie finansiële reus, waar u tuis sal voel.

Kasfin Edms Bpk is Oranjekas se filiaal wat aan ons lede, lewens- en korttermyn-versekeringsdienste asook testamente lewer.

Oranjekas word gereguleer deur die SARB (SA Reserwebank) , Die NCR (National Credit Regulator) en Kasfin word gereguleer deur die FSCA (Financial Services Conduct Authority). Terme en Voorwaardes geld. Individuele lenings en beleggingskontrakte vervat alle voorwaardes en terme van individuele transaksies.

**Breek weg na finansiële vryheid! Kontak ons vandag nog:**

☏ 012 754 5454

kontak@oranjekas.co.za